[5]

# NASIONALIS NATIONALIST NP

Vol. 10:9
Oktober 1991

Spesiale uitgawe / Special edition

Geregistreer as 'n nuusblad
Registered as a newspaper

Gratis

## 'n Nuwe tydvak

**IN September 1989 het die Nasionale Party 'n opdrag van die kiesers gevra, en gekry, om deur onderhandeling 'n nuwe grondwetlike bedeling vir Suid-Afrika tot stand te bring.**

Op 2 Februarie 1990 is 'n nuwe tydvak ingelui. Onder leiding van pres. F W de Klerk is 'n bykans ongelooflike poging geloods om die omstandighede te skep waarin ernstige grondwetlike onderhandelinge kan begin.

Met die skrapping van die laaste apartheidswetgewing aan die einde van vanjaar se Parlementsitting is die afronding van die eerste fase op die pad na 'n nuwe Suid-Afrika bereik.

### Mandate

With its constitutional proposals, the leadership of the National Party has not only ensured that the Party maintains the initiative, it has also given practical content to the mandate it asked, and received, from the voters in 1989.

This mandate includes:

- The creation of a full democracy;
- The elimination of discrimination;
- The independence of the judiciary;
- The protection of civilised norms; and
- The protection of human rights.

All these elements will be found in the constitutional proposals which are highlighted in this special issue of the *Nationalist*. – **PC**



**The State President, Mr FW de Klerk (centre), with the four Provincial Leaders at the Federal Congress of the National Party. From the left is Mr Barend du Plessis (Transvaal), dr. Dawie de Villiers (Cape), Mr Kobie Coetsee (Free State) and Mr George Bartlett (Natal).**

# NP plans to be part of the majority

**"THE National Party has the potential to become the greatest political tide in our country," the Leader of the Party, President F W de Klerk, said at its Federal Congress.**

Mr De Klerk reflected the growing confidence inside the National Party that it can gain the leadership role of the biggest political force in the country. The Party plans to be part of the majority.

"At grass-roots level the National Party currently enjoys considerable support among Black South Africans and majority support among all other population groups. The National Party has therefore become the political mouthpiece of millions of South Africans who underwrite its values, principles and objectives. As we continue to implement our plan in a balanced way, there will be a host of new supporters," Mr De Klerk said.

The fact that the National Party and especially Mr De Klerk, is broadening support outside its traditional white power base is accepted even in left wing circles. In the June edition of the publication *Monitor*, Rory Riordan writes: "HSRC research ... shows trends towards a non-racial support base for F W de Klerk, while showing trends in support for Nelson Mandela consolidating into African support only.

"It is one of the massive ironies of contemporary South African history that the ... National Party should, a mere year after 2 February 1990, have transformed itself into a non-racial organisation and that the historically determently non-racial ANC should be developing, over time, an African-only ... support base."

### NP's allies

Mr De Klerk said history had placed the National Party in a position of power just when all these changes were taking place and the National Party had achieved an indisputable leadership role in the process of changes. For this reason, the majority of Whites, Coloureds and Indians, as well as a substantial percentage of Blacks, were looking to the National Party to secure their hopes and to allay their fears. – **SC/PC**

THE NP'S CONSTITUTIONAL PROPOSALS

# Grondwetplan gryp wêreld se verbeelding aan

**DIE Nasionale Party se raamwerk vir 'n grondwet vir 'n nuwe Suid-Afrika het wye reaksie binnenslands sowel as internasionaal uitgelok. Hoewel daar in sommige kringe kritiek uitgespreek word, wat te verstane is, is die geheelindruk dié van verwelkoming van die voorstelle en 'n algemene konsensus dat die NP die inisiatief weer eens met mening geneem het.**

In The New York Times en The Washington Post is die voorstelle prominent op die voorblad gepubliseer. Dit was The New York Times se hoofberig.

Volgens hierdie koerant is daar besonder hoopgewende ooreenkomste tussen die onderskeie voorstelle van die NP en die ANC. Hy verwys hier onder meer na die voorstelle oor algemene stemreg, 'n tweekamerparlement, 'n onafhanklike regstelsel en waarborge vir minderheidsregte.

### Britse media

Dit is dus duidelik dat die hoofonderhandelingsvennote se aanvanklike standpunte op dieselfde speelveld gerig is. Hoewel daar baie belangrike verskille oorbly, hou die konsensus aansienlike belofte in vir 'n vreedsame oorgang na 'n nuwe bedeling, skryf die koerant.

Ook in die Britse media het die plan wye dekking gekry. Die Burger berig dat die BBC dit as een van die hooftrekke in sy TV-nuusbulletins aangebied het. Hy haal Gavin Bell van The Times aan, wat die Federale Kongres as 'n merkwaardige waterskeiding in die geskiedenis van die NP bestempel.

Beeld haal die Financial Times, 'n invloedryke finansiële dagblad aan wat skryf dat die NP-voorstelle 'n radikale plan is om Blanke oorheersing deur politieke magsdeling tussen rasse- en politieke groepe in Suid-Afrika te vervang.

### Onderhandelingstafel

Dit is duidelik dat buitelandse regerings hulle daarvan weerhou het om op die voorstelle as sodanig kommentaar te lewer. So berig Hugh Robertson byvoorbeeld uit die VSA dat die State Department bevestig het dat die Amerikaanse regering geen kommentaar op die besonderhede van die voorstelle gaan lewer nie.

"Ons verwag dat alle politieke groepe in Suid-Afrika hul voorstelle na die onderhandelingstafel sal neem. Dit is vir Suid-Afrikaners om hieroor te besluit."

### SA kommentaar

In Suid-Afrika was daar besonder positiewe kommentaar uit oorde wat normaalweg baie krities teenoor NP-beleid staan. Vrye Weekblad haal prof. Marinus Wiechers (UNISA) aan wat sê die grondwetlike voorstelle moet sonder versuim verwelkom word as die basis van 'n totaal aanvaarbare onderhandelingspakket.

"Die nuwe voorstelle is beslis nie meer 'n apartheidsmodel nie en sluit die aanvaarding van een mens, een stem, algemene stemreg en die beskerming van menseregte as uitgangspunt in. Met dit as basis kan 'n mens onderhandel oor die detail van sake soos die kabinet, twee kamers, streekregerings, ensovoorts," aldus prof. Wiechers.

Hy sê ook dit sou 'n fout wees om die idee van 'n presidensiële kollege van drie of meer neer te skiet. Dit is 'n beginsel afkomstig uit die Romeinse tyd om 'n magsbasis tussen leiers en partye te reël.

Die beginsel dat die Tweede Huis bestaan uit verteenwoordigers van die streke op 'n gelyke basis is internasionaal aanvaarbaar, soos in die VSA waar elke staat, hoe ryk of arm ook al, twee senatore kies, het prof. Wiechers gesê.

Ook dr. Van Zyl Slabbert van Idasa word deur die blad aangehaal. Hy sê die grondwetlike voorstelle bevat beginsels waarteen baie min beswaar ingebring kan word as 'n mens ernstig is met die skep van 'n demokratiese grondwet in Suid-Afrika.

"'n Mens kan kibbel oor die detail. Maar die basiese riglyne sal aanvaar moet word deur enige party wat aan onderhandelings oor 'n nuwe grondwet vir 'n nie-rassige demokrasie wil deelneem."

### Oplossing

The Citizen beskryf die voorstelle in 'n hoofartikel as baie vernuftig wat, indien dit in werking gestel kan word, die ideale wyse kan wees waarvolgens Suid-Afrika se komplekse samelewing gehanteer moet word.

Die reaksie van welmenende Suid-Afrikaners word dalk die beste saamgevat in die volgende aanhaling uit The Citizen:

**"Gegewe dat hierdie land se komplekse probleme eiesoortige oplossings verg, vorm die Nasionale Party se voorstelle die raamwerk vir so 'n oplossing. Ons hoop dat dit in die lig hiervan versigtig oorweeg sal word."** – JJS

# *A framework for power sharing*

**THE National Party's proposals for a new constitution published dramatically at its Federal Congress in Bloemfontein at the beginning of September are a framework for its goal of a future participatory democracy.**

So said President F W de Klerk in introducing the National Party's plan. He called the plan "an honest document – not a final product, but a sound product". Many hours of research, dialogue, debate, formulation and reformulation had gone into it.


### No magic formula

He appealed to congress delegates to take the proposals at face value – there was no secret agenda.

He said: "It is not a blueprint, but a framework. It is not rigid, but aims at laying a clear foundation for the negotiations for a realistic constitution. It is no magic formula, but does offer a plan for a workable constitution which can guarantee democratic values. It is not a government plan, but it does bear the stamp of the National Party."

### Protection

The State President said the plan offered the only viable alternative because it offered full participation to all South Africans at all levels of government and did so on a universally acceptable basis. The proposals were in line with successful democratic systems all over the free world. As in other systems, they also offered effective protection against domination and abuse of power at all levels of government.



**President F W de Klerk**

The Plan was totally stripped of any racial bias or discrimination and gave full expression to the principle of free association. It would be able to preclude that a majority, however composed, would be able to misuse its power to suppress minorities, communities or individual rights yet it offered every South African full political rights on an equitable basis. – **SC**

## DIE NASIONALE PARTY SE GRONDWETPLAN

# Verteenwoordig die breë denke

**DIE grondwetlike voorstelle wat aan die Federale Kongres van die Nasionale Party voorgelê is, verteenwoordig die breë denke van die Party oor 'n grondwet vir 'n nuwe Suid-Afrika. Dit is nie 'n volledige of finale grondwet nie.**

Tog is dit 'n baie omvattende dokument sodat daar geen twyfel kan wees oor waarmee die Nasionale Party na die onderhandelingstafel gaan nie.

Op die volgende paar bladsye word gepoog om die dokument, deur opsomming, so verteerbaar moontlik uiteen te sit.

Die kernbegrippe, vertrekpunte en beginsels word behandel en daar word met 'n voorgestelde model daaraan inhoud gegee. **(Sien die skematiese voorstellings op bladsy 6.)**

### Basiese begrippe

In sy grondwetlike voorstelle verleen die Nasionale Party voorkeur aan die beginsel van soewereiniteit van die grondwet soos byvoorbeeld in die "jonger demokrasië" van Duitsland en die VSA aangetref word bo die ouer Westminster-benadering waarin soewereiniteit in die Parlement berus. **(Sien opsomming hiernaas.)**

Ingevolge grondwetlike soewereiniteit word die parlement en die regering se willekeur sterk aan bande gelê, is die grondwet moeilik veranderbaar en alle ander wetgewing ondergeskik of onderhewig aan geldigheidstoetsing teen die grondwet.

Die Nasionale Party verleen ook sterk voorkeur aan die voorkoming van magsmisbruik deur sentrale magskonsentrasie te verhinder. Dit word gedoen deur middel van die devolusie van gesag, ofte wel maksimale besluitneming op laer regeringsvlakke.

### Basiese vertrekpunte

Sekere basiese vertrekpunte staan vir die Nasionale Party vas. **(Sien opsomming hiernaas.)**

Oor die grondwetlike model wat daaraan inhoud moet gee, kan meningsverskil bestaan. Daar kan verskillende maniere bestaan om die verlangde resultaat te verkry. Daarom beywer die Nasionale Party hom vir onderhandelinge op nasionale vlak, op streekvlak en op plaaslike vlak. Die doel hiervan is:

- Ooreenstemming oor die breë owerheidstruktuur en die plek van elke owerheidsvlak;
- Die akkommodasie van behoeftes, strewes en probleme van inwoners van streke; en
- Samewerking en eensgesindheid op plaaslike vlak. – **PC**

## Die basiese begrippe

**1. Grondwetlike regering, ofte wel 'n regstaat (constitutional rule).**
**2. Deelnemende demokrasie met:**
- **Effektiewe deelname; en**
- **Devolusie van gesag.**

## Basiese vertrekpunte

**'n Staatkundige bedeling moet gevestig word wat:**
- **Algemeen aanvaarde waardes en norme in stand hou;**
- **Gebaseer is op universele stemreg in 'n demokratiese owerheidstruktuur;**
- **Vry is van apartheid of diskriminasie;**
- **Vry is van oorheersing;**
- **'n Geordende en ordelike gemeenskap kan verseker;**
- **Goeie regering moontlik maak;**
- **Geregtigheid aan almal laat toekom;**
- **'n Markgerigte ekonomie, private ondernemerskap en maatskaplike verantwoordelikheid vestig;**
- **Kulturele verskille akkommodeer; en**
- **Vrede, vooruitgang en voorspoed vir almal bring.**

# *The plan's structural principles*

## 3 tier Government

- **A three tier Government of Central, Regional and Local Government;**
- **Each level has an elected authority responsible to its voters;**
- **Each level has its own legislative and executive power;**
- **Each level has its own tax base.**

## Separation of power

**THE over-concentration of power is prevented in modern constitutions by a clear separation of power between**
- **the legislature;**
- **executive; and**
- **judiciary.**

**NEXT to the basic points of departure, the National Party proposes that the following principles should form part of a future constitution:**

- A three tier Government; and
- The separation of power.

**(See summaries on the left.)**

### Three tiers

In a three tier Government Regional and Local Government are not merely administrative extentions of the Central Government – it is "Government" in its own right.

This system takes account of the rich diversity of our population, the needs of communities in regional and local context with the need for self-determination at regional and local level.

It also gives substance to the approach of bringing Government as close as possible to the people and the need for a rationalized and effective state administration.

### Power separated

The separation of power contributes to achieving checks and balances in the constitution by:

- Preventing dominance of the executive over the legislature and vice versa;
- Conferring on Parliament the authority to call the executive to account; and
- Conferring on the judiciary authority to test and set aside acts of Parliament which are in conflict with the constitution and/or a Charter of Fundamental Rights. – **PC**

**Turn to page four for more on the National Party's constitutional proposals.**

THE NP'S CONSTITUTIONAL PROPOSALS

# Voorstelle rus op twee pilare

## Deelnemende Demokrasie

**HIER geld die beginsel van magsdeling deur veelparty-deelname aan politieke mag ter akkommodering van die sosiale, kulturele en politieke diversiteit in Suid-Afrika. In hierdie verband geld die volgende:**

- **Die begrip "groep" berus op vrye assosiasie op die grondslag van gemeenskaplike belange en nie ras of kleur nie. Politieke partye is die doeltreffendste meganisme waarmee sulke groepe se belange gedien kan word;**
- **'n Verspreiding van mag deur devolusie na verskillende vlakke deurdat die grondwet magte en funksies aan elke vlak toeken; en**
- **Effektiewe invloed op en deelname aan die politieke vir meerdere partye van omvang.**

## 'n Regstaat

**DIE grondwet reguleer die gesag van die owerheid só dat vryheid, geregtigheid en regsekerheid vir elkeen gewaarborg word. Dit geskied op grond van die volgende beginsels:**

- **Die grondwet moet hoër status as elke ander wetgewing geniet en in die hof afdwingbaar wees;**
- **'n Handves van fundamentele regte, grondwetlik verskans en in die hof afdwingbaar ter beskerming van burgers teen onregmatige owerheidsoptrede;**
- **'n Onafhanklike regsprekende gesag wat ongrondwetlike owerheidsoptrede of optrede in stryd met die handves van fundamentele regte ongeldig kan verklaar;**
- **Erkenning van die outonomie van burgerlike instellings op die nie-politieke terrein;**
- **Die verskansing van onafhanklike instellings om misbruik van staatsgesag te voorkom, soos 'n ombudsman, Ouditeur-generaal, Kommissie vir Administrasie, Reserwebank en prosedures vir die aanstelling van onafhanklike regters;**
- **Gebalanseerde en effektiewe beheer oor die veiligheidsmagte as beskermers van die grondwet; en**
- **'n Onpartydige en professionele staatsdiens met die hoogs moontlike outonomie vir die Kommissie vir Administrasie.**

**Om aan die Nasionale Party se vertrekpunte en strukturele beginsels in eiesoortige Suid-Afrikaanse omstandighede praktiese beslag te gee, moet 'n Regstaat (Constitutional State) tot stand kom.**

Voorts moet Deelnemende Demokrasie tot sy reg kom. Daar is dus twee pilare: 'n Regstaat én Deelnemende Demokrasie. **(Sien opsommings hierby.)**

### Regstaat

Met die beginsels vervat in 'n Regstaat word burgers se belange teenoor die owerheid verskans, fundamentele individuele regte – onder meer dié in groeps- en gemeenskapsverband – beskerm, die owerheid ondergeskik aan die reg gestel, die Staat se neus uit terreine gehou waar dit nie hoort nie, magsmisbruik en wanadministrasie aan bande gelê en die grondwet se instandhouding verseker.

Deelnemende Demokrasie is 'n regeringstelsel waarin verskillende politieke partye effektiewe deelname verkry om magsdeling te verseker. Dit staan teenoor 'n stelsel soos dié van Westminster waarin 51 % van die stemme aan 'n party 100 % van die mag besorg. – **PC**



**PRES. F.W. DE KLERK word hier toegejuig op die Nasionale Party se Federale Kongres waar die NP se grondwetlike voorstelle met groot entoesiasme ontvang is.**

DIE NASIONALE PARTY SE GRONDWETPLAN

# Sentrale regering

## *Só lyk die model*

**DIE raamwerk van 'n praktiese grondwetlike model vorm deel van die Nasionale Party se grondwetlike voorstelle. Dit is, anders as die voorafgaande, nie noodwendig 'n onveranderlike en finale voorstel nie.**

Dit kan hersien word deur verdere besinning in die Nasionale Party of as gevolg van onderhandeling. Die verslag van die SA Regskommissie oor fundamentele regte en oor grondwetlike modelle word ook nog ingewag.

Die voorgestelde model word vervolgens behandel aan die hand van die drie vlakke van regering.

Die Nasionale Party se grondwetlike voorstelle maak daarvoor voorsiening dat die Parlement uit twee Huise moet bestaan. Dit is belangrik om te onthou dat albei Huise wetgewing moet aanvaar. Dit verseker dat slegs wetgewing wat deur albei Huise gesteun word, goedgekeur word. **(Sien opsomming van die Huise hiernaas.)**

### Eerste Huis

Die Eerste Huis van die Parlement word proporsioneel verkies om sodoende aan elke politieke party 'n aantal setels te gee in ooreenstemming met die politieke steun wat die party in 'n algemene verkiesing by die stembus behaal. Die kiesstelsel kan egter ook so aangepas word dat kiesers ook die geleentheid kan kry om hul voorkeur vir 'n spesifieke kandidaat in 'n bepaalde kiesdistrik uit te spreek sonder dat die vereiste van proporsionele verteenwoordiging opgeoffer word. Só 'n stelsel word tans in Duitsland met groot sukses toegepas.

Soos reeds gestel moet wetgewing deur sowel die Eerste as die Tweede Huis met 'n gewone meerderheid aanvaar word, maar 'n verhoogde tweederdemeerderheid is nodig wanneer verskanste artikels in die grondwet gewysig word.

### Tweede Huis

Die Tweede Huis is kleiner as die Eerste Huis. 'n Aantal nuwe streke vir die doeleindes van streekregering in Suid-Afrika sal bepaal moet word – ook as grondslag vir die samestelling van die Tweede Huis.

Elke streek kry 'n gelyke aantal setels in hierdie Huis en elke politieke party wat in die verkiesing van 'n streek se wetgewende liggaam deelgeneem het en 'n vasgestelde minimum hoeveelheid steun uit daardie streek ontvang het, kry ook 'n gelyke aantal setels in die Tweede Huis.

Dit beteken dat elke demokratiese politieke party in die land wat noemenswaardige steun in so 'n streek geniet, in die Tweede Huis verteenwoordig sal word. Die uitwerking hiervan is dat politieke minderheidsgroeperings en kleiner streke daadwerklike beskerming geniet.


Die kern van die Nasionale Party se voorstelle is dat die uitvoerende gesag nie slegs uit een politieke party sal bestaan nie, maar uit lede van die belangrikste politieke partye saamgestel moet word.

Daar word dus voorkeur gegee aan 'n veelparty-regering bo 'n stelsel waar die meerderheidsparty alleen die uitvoerende gesag vorm. Voorbeelde van so 'n veelparty-regering kom dikwels in Wes-Europese koalisieregerings voor en dra daartoe by dat die boodskap van versoening daadwerklik uitgedra word. Die huidige oormatige gesagskonsentrasie by die staatspresident as enkele persoon behoort uitgeskakel te word. Daarom word 'n kollektiewe hoofskap (Presidensie) voorgestel-saamgestel uit die leiers van die drie grootste partye in die Eerste Huis.

In geval dat die drie grootste partye nie gesamentlik minstens die meerderheid van die kiesers verteenwoordig nie, sal die Presidensie aangevul word met soveel meer leiers van die politieke partye as wat in die volgorde van grootte nodig is om 'n gesamentlike meerderheid te verteenwoordig. 'n Politieke party wat hom hiervolgens vir deelname kwalifiseer, hoef nie noodwendig deel te neem as hy nie wil nie.

'n Voorbeeld van roterende voorsitterskap bestaan in Switserland en werk daar baie doeltreffend.

Die twee Huise van die Parlement kan 'n mosie van wantroue in die Presidensie aanneem, maar is nie geregtig om 'n mosie van wantroue in een van die individuele lede van die Presidensie aan te neem nie. Die twee Huise van die Parlement is ook geregtig om 'n mosie van wantroue in die Kabinet en in individuele Ministers aan te neem. – **NK**




## Eerste Huis

- **Regstreeks proporsioneel verkies met moontlike voorkeur vir spesifieke kandidate in bepaalde kiesdistrikte;**
- **Wetgewing word met 'n gewone meerderheid aanvaar.**


## Tweede Huis

- **Gelyke aantal setels vir elke streek en aan elke party met vasgestelde minimum steun in streekverkiesings;**
- **Wetgewing word met gewone meerderheid aanvaar, behalwe waar grondwet verhoogde meerderheid vereis – soos waar sake grondwetlik verskans is (bv. Handves van Fundamentele Regte);**
- **Inisieer wetgewing oor onder meer belange van streke en minderhede.**
- **Elke streek sowel as die politieke partye met noemenswaardige steun sal gelyke verteenwoordiging in die Tweede Huis hê.**

## Uitvoerende gesag

- **'n Veelparty-samestelling teenoor die Westminster-stelsel se wenner-vat-alles;**
- **Die huidige oormatige gesagskonsentrasie in een persoon (die Staatspresident) word deur kollektiewe hoofskap van staat en regering vervang;**
- **Die Presidensie bestaan uit die leiers van drie tot vyf van die grootste partye in Eerste Huis;**
- **Die Presidensie neem besluite deur konsensus;**
- **Die voorsitterskap van Presidensie en 'n Staatspresident uit sy geledere roteer op 'n jaarlikse grondslag;**
- **Die presidensie stel Ministers in 'n veelpartykabinet aan – gebind deur die beleid van Presidensie; en**
- **Albei Huise van die Parlement kan 'n mosie van wantroue in die Presidensie, die Kabinet of 'n Minister aanvaar.**

# NP-VOORSTELLE VIR NUWE GRONDWET




**Eerste Huis:**
Aanvaar wetgewing deur gewone meerderheid, onderhewig aan verhoogde meerderheid vir sake in Grondwet verskans.

**Tweede Huis:**
Oorweeg wetgewing van Eerste Huis en kan met óf gewone óf verhoogde meerderheid aanvaar. Sien in besonder om na belange van minderhede en streke.


**Presidensie:**
Vervang huidige Staatspresident; besluite deur konsensus. Voorsitterskap kan jaarliks roteer.

**Streekregering:**
Huidige nege ontwikkelingstreke as beginpunt, elk met wetgewende en uitvoerende gesag uit stemdistrikte proporsioneel verkies; eie belastingbasis; voorsiening van minderheidsbelange.

**Plaaslike owerhede:**
Outonome, nie-rassige plaaslike owerheid binne elke dorp of stad, een administrasie, een belastingbasis. Spesiale besluitnemingsprosedure vir omskrewe sensitiewe sake.

**Buurtrade:**
Outonome bevoegdheid oor norme en standaarde van woonomgewing, sekuriteit en gemeenskapsfasiliteite. Kan addisionele heffing op inwoners plaas.

# NP'S PROPOSALS FOR NEW CONSTITUTION




**First House:**
Legislation will be passed by simple majority, subject to weighted majority of issues entrenched in constitution.

**Second House:**
Deliberate on bills of First House and pass by simple or weighted majority; take particular care of interests of minorities and regions.

**Presidency:**
Replaces present State President decisions taken by consensus. Chairmanship may rotate on annual basis.

**Regional councils:**
Present nine development regions as point of departure, each with legislative and executive power elected proportionally from electoral districts; own tax base; built in measures for minority protection.

**Local authorities**
Autonomous, non-racial local authorities within the boundaries of every town or city; one administration; one tax base. Special decision-making procedures in respect of circumscribed sensitive matters.

**Neighbourhood councils:**
Autonomous power over norms and standards for residential environment, security and communalfacilities. May impose additional levy on residents.

## DIE NASIONALE PARTY SE GRONDWETPLAN

# Regional government important

**REGIONAL government forms an integral part of the National Party's constitutional proposals. It is no new concept in South Africa.**

The old Provincial Councils were a form of regional government and the same goes for the National States and even to some extent Regional Services Councils.

## Regional legislation

- An elected Legislative Council with a number of voters determining the number of members;
- Electoral districts electing representatives on a proportional basis;
- The election of members by local governments or sub-regions is an option; and
- The protection of minority interests by decision-making procedures.

To ensure participatory democracy and power-sharing for a number of political parties, measures for effective minority protection must also be built in at the second level of government in accordance with the principles already embodied at the first level.

## The executive at regional level

- A collective executive of three to five of the leaders of the main political parties;
- Each member is allocated a portfolio.

The Executive Committee of a region must function collectively as a unit, each of its members being responsible for a portfolio. This is a follow-through of the system proposed in regard to the Presidency.

## Substreke

- Kleiner eenhede om te beheer en die bemoeienis van politieke funksionarisse behoort effektiewe administrasie te bevorder.
- Afgesien van die bevrediging wat dit aan die kieser sal gee, is effektiewe administrasie ook kostebesparend.

### Streekverskille doeltreffender gehanteer

In 'n stelsel van streekregering sal die uiteenlopende belange van verskillende gebiede doeltreffender hanteer kan word.

So is daar op die gebied van landbou byvoorbeeld groot verskille tussen Wes-Kaapland en Noord-Transvaal.

Ook ten opsigte van paaie, onderwysbehoeftes, ekonomiese hulpmiddele, behuisingsbehoeftes en vele meer is daar verskille wat in berekening gebring moet word om effektiewe regering te bevorder.

### Eweredliger ontwikkeling gestimuleer

'n Stelsel van effektiewe streekregering het die potensiaal om eweredliger ontwikkeling op ekonomiese en maatskaplike gebied te stimuleer.

Om in die toekomstige behoeftes van al Suid-Afrika se mense te voorsien is dit noodsaaklik om die beste manier te vind om groei en ontwikkeling te stimuleer. Streekregering kan hierin 'n baie groot rol speel. – **FVD**

## Só kan streke lyk

**DIE huidige nege ontwikkelingstreke kan as beginpunt van die beplanning van 'n streekregeringbedeling gebruik word.**

**Die huidige streke is:**

1. Wes-Kaapland
2. Noord-Kaapland
3. OVS - Qwaqwa
4. Oos-Kaapland
5. Natal - Kwazulu
6. Oos-Transvaal - Kangwane
7. Noord-Transvaal - Lebowa - Gazankulu
8. PWV - Kwandebele
9. Wes-Transvaal

- Namate die onderhandelinge vorder, kan daar ook aanpassings aan die grense van die streke gemaak word. Die aantal streke kan ook vermeerder of verminder word na gelang van die behoeftes.
- Ras of etnisiteit sal geen rol speel in die bepaling van die streekgrense nie.
- Gemeenskaplike en eiesoortige belange sal die belangrikste faktor in die bepaling van die grense wees. – **FVD**



**Minister Piet Marais aan die woord op die Nasionale Party se Federale Kongres.**

THE NP'S CONSTITUTIONAL PROPOSALS

# The third tier of local government

**THE basis of local government is that it must be democratically elected and an autonomous tier of government with legislative, executive and fiscal powers in its own area of jurisdiction. This must be laid down in and entrenched by the Constitution.**

## The third tier must rest on 3 principles:

- It must be an autonomous tier of government;
- It must be democratically elected with no discrimination or domination; and
- It must have its own geographical area of jurisdiction.

At local government level the term "participatory democracy" gains particular meaning. At this level, where people live, work and play, it is essential that a framework be created to promote good order and co-operation.

Participatory democracy may be put into effect by electing the council on the basis of the representation of wards, and accepting property valuations and voter numbers in a fair proportion to one another as the basis for the delimitation of wards.

### Determining the Municipal franchise

The National Party also believes that the Municipal franchise should be determined in accordance with both the interests of all lawful residents and the particular interests of owners, lessees and rate-payers.

It is also possible to consider a combination model in which, for example, half of the city councillors are elected on a voter's roll on which the names of all residents appear, and the other half on a voter's roll containing only the names of owners, lessees and rate payers.

### Special procedures for decision-making

Provision may also be made for special decision-making procedures, such as loaded majority votes in the city council, in respect of certain circumscribed sensitive matters.

## Buurtrade

Buurtrade verteenwoordig nie-rassige sub-munisipale eenhede wat:

- Aaneenliggende gebiede verteenwoordig;
- As vrywillige opsie uitgeoefen word; en
- 'n Eie verkose liggaam (Buurtraad) in die lewe roep.

Die doel is voldoening aan die behoefte van selfseggenskap in die onmiddellike woonomgewing.

Die Nasionale Party erken die behoefte om binne die breë grense van 'n munisipale gebied voorsiening te maak vir 'n geografiese buurt wat op 'n nie-rassige grondslag 'n opsie uitoefen vir die selfbeskikking oor gemeenskaplike belange.

### Subminisipale desentralisasie

Hierdie siening is in die pas met tendense elders in die wêreld. So byvoorbeeld het die *condominium* in die VSA in gewildheid toegeneem. In 'n *condominium* stel eienaars hul eie reëls op en leef hulle daarvolgens. In Europa raak hierdie tipe woonpatroon ook gevestig.

Tergelykertyd vind in die VSA, Kanada, Nederland en baie ander lande "submunisipale desentralisasie" plaas.

## Buurtraad-magte

Die Buurtraad wat deur die inwoners van 'n buurt gekies word, sal outonome bevoegdheid hê oor sake van die buurt soos:

- Die bepaling en handhawing van norme en standaarde van die woonomgewing;
- Die voorsiening van gemeenskapsgeriewe;
- Sekuriteitsaangeleenthede en burgerlike beskerming; en
- Aspekte van onderwys en welsyn.
- Die Buurtraad sal die bevoegdheid hê om 'n addisionele heffing op sy inwoners te plaas ter bevordering van sy spesifieke projekte binne sy buurtraadgebied.

Buurtrade sal nie hul eie administrasie kry nie, maar sal van die munisipale administrasie gebruik kan maak. Dit maak buurtes vaartbelyn en kostedoeltreffend.

## Die gemeenskappe

Gemeenskappe wat deur Buurtrade bedien sal word sal dus:

- Relatief klein gemeenskappe wees;
- Nie-rassig wees;
- Eie besluite neem;
- Eie norme en standaarde bepaal;
- Eie begroting opstel; en
- Eie inkomste en uitgawes bepaal. – JM

# Ten slotte

**DIE beginsels wat die Nasionale Party in 'n grondwet ingebou wil sien, moet 'n raamwerk skep waarbinne verskillende reëlings saam 'n netwerk skep om ware vryheid en geregtigheid vir almal te verseker.**

Daar word nie net op enkele reëlings staat gemaak om die regte van die individu of minderhede te beskerm nie. Al die voorgestelde riglyne werk saam om op veral drie terreine die belange van alle Suid-Afrikaners te beskerm.

## Die raamwerk

Die raamwerk voorsien in die noodsaaklikheid van:

- Politieke inspraak en effektiewe deelname in owerheidstrukture vir almal;
- Die beskerming teen magsmisbruik deur owerheidinstansies; en
- Die erkenning van vrye en outonome belangeterreine van gemeenskappe.

***Die Nasionale Party streef na vryheid en geregtigheid vir almal in die nuwe Suid-Afrika***

## DIE NASIONALE PARTY SE GRONDWETPLAN

# Grondwet-voorstelle toegelig

## *Onderhoud met dr. Gerrit Viljoen*

**NASIONALIS het vyftien vrae aan Minister Gerrit Viljoen gevra ter toeligting van die NP se grondwetlike voorstelle rondom sentrale Regering. Nick Koornhof LP, het die onderhoud gevoer.**

**Vraag 1: Die NP stel twee Huise voor. Hoekom?**

Twee Huise in 'n land se hoogste wetgewer of Parlement kom in baie lande voor. 'n Tweede Huis word benodig of om besondere belangegroepe te verteenwoordig of om as 'n rem of hersieningsmiddel met die oog op beter wetgewing te dien.

In die nuwe Suid-Afrika is daar behoefte om op die hoogste wetgewende vlak uitdrukking te gee aan die wil van die meerderheid van die bevolking sowel as om ongekwalifiseerde meerderheidsbewind te temper met beskerming van minderhede en die vermyding van oorheersing.

In die voorgestelde eerste Huis van die Parlement sal die wil van die meerderheid die deurslag gee; in die Tweede Huis sal sowel streke as politieke partye op 'n gelyke grondslag ter beskerming van minderheidsbelange, verteenwoordig wees.

**Vraag 2: Die Eerste Huis word proporsioneel verkies. Wat is proporsionele verteenwoordiging?**

Proporsionele verkiesing beteken dat 'n party op dieselfde persentasie van die beskikbare setels in 'n wetgewende liggaam geregtig is as die persentasie van die totale aantal stemme wat dit in 'n verkiesing behaal het.

As daar dus 200 setels in die Eerste Huis van die Parlement is, en 'n party wen 28% van die stemme, kry hy 56 van die 200 setels. Dit beteken dat elke party se politieke verteenwoordiging in regstreekse verhouding of "proporsie" is met sy werklike politieke ondersteuning in terme van stemme gewen.

Proporsionele verteenwoordiging verseker dat ook kleiner partye, wat moontlik nie in 'n enkele afsonderlike setel 'n meerderheid kan behaal nie, nogtans op grond van die persentasie van die totale aantal stemme wat hulle landwyd gewen het, verteenwoordiging kan kry.

Om egter te verhoed dat klein snipperpartye hierdeur 'n te groot seggenskap verkry, bepaal die meeste grondwette wat vir proporsionele verteenwoordiging voorsiening maak, 'n afsnypunt in die sin dat 'n party slegs setels in die Parlement kry as hy minstens 'n sekere persentasie van die totale aantal stemme, byvoorbeeld 5%, gewen het.

**Vraag 3: 'n Parlement met twee Huise is nie 'n nuwe konsep nie. Is daar in die res van die wêreld voorbeelde van so 'n konsep wat goed werk?**

'n Parlement met twee Huise is 'n baie algemene verskynsel in moderne demokrasieë. Die VSA, Asutralië, Duitsland en Nederland is enkele voorbeelde van lande wat twee Huise het en waar die stelsel goed werk.

**Vraag 4: Ons het gewoond geraak aan kiesafdelings met jou eie Parlementslid. Is dit nog 'n moontlikheid in die toekoms?**

Binne 'n stelsel van proporsionele verteenwoordiging is dit wel moontlik om 'n gedeelte van die setels waarop 'n party geregtig is, te laat bepaal deur middel van kiesafdeling-gerigte verkiesings. Dan kry 'n kieser twee stemme. Die eerste bring hy uit ten gunste van die landwye lys van kandidate van die party van sy voorkeur, wat dan lei tot 'n bepaling van partye se proporsionele aanspraak op setels.

Die kieser se tweede stem is om een uit meerdere kandidate te kies in die kiesafdeling waarin hy woon. Die aantal kiesafdeling-setels wat 'n party wen, vorm dan die eerste deel van sy verteenwoordiging in die Parlement, terwyl die ontbrekende setels uit die landwye lys van kandidate van die party waarvoor hy gestem het, aangevul word.

Voorbeeld: 'n Party is volgens die persentasie van die totale aantal stemme wat hy gekry het, op 56 van die 200 setels in die Parlement geregtig. Hy het in die kiesafdeling-verkiesings reeds 30 setels gewen en is dus geregtig op nog 26 setels, wat aangevul moet word uit die partylys van kandidate van die party waarvoor hy gestem het.



**Minister Gerrit Viljoen**

Op hierdie wyse word die billikheid van die proporsionele stelsel behou, asook die noue verbintenis tussen 'n parlementslid en 'n spesifieke kiesafdeling.

**Vraag 5: Die Tweede Huis word hoofsaaklik voorgestel om minderheidspartye te beskerm. Hoe gaan dit werk?**

Minderheidspartye word in die Tweede Huis van die Parlement begunstig deurdat die setels waarop elke streek in die Tweede Huis geregtig is, gelykop verdeel word tussen alle partye wat in die streekverkiesing meer as die neergelegde minimum-persentasie van die stemme gekry het. Aan die groter en kleiner partye word dus ewe veel verteenwoordiging gegee.

**Vraag 6: Die Tweede Huis lyk baie na die Senaat in die VSA. Hoe vergelyk hulle werklik met mekaar?**

In die voorgestelde Tweede Huis van 'n nuwe Suid-Afrikaanse Parlement sal sowel die streke van die land asook die partye met betekenisvolle steun in elke streek gelyke verteenwoordiging kry. In die Senaat van die VSA geld slegs die geografiese grondslag: elke staat, afgesien van grootte of kieserstal, kry twee senators. Groot en klein state word dus gelyk verteenwoordig; dus minderheidsbeskerming.

**Vraag 7: Kan ons aanvaar dat die streke nie almal ewe ryk en groot gaan wees nie?**

Die voorstel dat die bestaande ekonomiese ontwikkelingstreke as uitgangspunt vir die bepaling van grense in die nuwe streekstelsel gebruik moet word, het dié voordeel dat die betrokke streke veral volgens ekonomiese, demografiese en fisieke beplanningsbeginsels afgebaken is.

Dit sal die verskil in grootte en rykdom tussen die streke tot die minimum beperk. Dit sal egter ook nodig wees dat in die grondwet voorsiening gemaak moet word vir tussenowerheidsoordragte van finansies om streke wie se finansiële vermoë hulle nie in staat stel om aan voorgeskrewe minimum-standaarde van dienste te voldoen nie, behulpsaam te wees om op 'n meer billik vergelykbare grondslag met ander streke te kan staan.

**Vraag 8: Wat word bedoel met 'n uitvoerende gesag?**

Die uitvoerende gesag van die Staat is die organe soos die Kabinet wat die beleid van die Regering sowel as die opdragte vervat in wetgewing moet uitvoer.

In 'n staat is daar drie hoofgesagte:

- Die wetgewende gesag,
- Die uitvoerende gesag, en
- Die regterlike gesag.

'n Goeie demokrasie behoort hierdie gesagte van mekaar geskei te hou sodat die een nie die

VERVOLG OP BL. 10

THE NP'S CONSTITUTIONAL PROPOSALS

# Natalse NP sê hard ja

**DIE Nasionale Party van Natal het op 5 en 6 September in Durban sy 49ste Provinsiale Kongres gehou.**

Die Kongres, wat die dag ná die Federale Kongres in Bloemfontein gehou is, het in die teken gestaan van die Nasionale Party se raamwerk vir 'n nuwe demokratiese Suid-Afrika. Boonop was die Natalse Kongres die eerste provinsiale kongres wat hierdie belangwekkende voorstelle kon bespreek en goedkeur.

Die Kongres is goed bygewoon en daar was bruisende geesdrif vir die beginsels van 'n grondwetlike regering in 'n deelnemende demokrasie wat vir Suid-Afrika in die vooruitsig gestel is.

Minister George Bartlett, the Leader of the National Party in Natal, made a scathing attack on the South African Communist Party and criticised the ANC for its alliance with the SACP.

Mr Bartlett posed the question as to whether the SACP was not using the ANC to reach its own goals at the detriment of the non-communists in the ANC. Mr Bartlett also announced the appointment of Mr Jacko Maree, MP for Klip River, as Director of Information: Natal and the appointment of Mr Cliff Matthee as the new Natal whip.

Ministers Kobie Coetsee, Leon Wessels and Dawie de Villiers delivered keynote speeches and Mr Hernus Kriel made his debut as the new Minister of Law and Order.

Ministers Rina Venter, Eli Louw, Piet Clase, Org Marais, Kraai van Niekerk, Barend du Plessis, Amie Venter and Roelf Meyer all made valuable contributions too.

## Eenparig aanvaar

Minister Gerrit Viljoen se toespraak oor die Nasionale Party se raamwerk vir 'n toekomstige grondwetlike bedeling wat as werksdokument in die veelparty-onderhandelings kan dien, is met staande ovasie ontvang.

Die Federale Kongres se aanbeveling is sonder enige wysiging eenparig deur die Natalse Kongres aanvaar.

Die gewildheid wat pres. F.W. de Klerk en mev. Marike de Klerk in Natal geniet, het weer eens duidelik geblyk uit die spontane en warm ontvangs wat hulle te beurt geval het. Talle mosies van gelukwensing, vertroue en ondersteuning vir die egpaar is aanvaar.

Waar die Grondwetlike voorstelle die fokuspunt van die kongres was, was die hoogtepunt ongetwyfeld die slotrede van die Staatspresident, wat met lang, geesdriftige en staande ovasie ontvang is.

Dit blyk duidelik uit die geesdrif en die heelhartige ondersteuning wat daar in Natal vir die Nasionale Party bestaan, dat Natal reg ingestel is vir die toekoms! – **JM**

# *Min. Viljoen bespreek voorstelle*

VERVOLG VAN BL. 9
ander oorheers of op sy terrein oortree nie.

**Vraag 9: Die NP sou graag wou hê dat die uitvoerende gesag nie net uit een politieke party saamgestel word nie. Ons stel 'n veelparty-regering voor. Wat is dit en hoe verskil dit van ons huidige stelsel?**

'n Veelparty-regering of uitvoerende gesag is een waarin nie slegs die meerderheidsparty, wat die meeste setels in 'n verkiesing verower het, verteenwoordig is nie, maar waarin meerdere partye, dit wil sê die meerderheidsparty sowel as ander partye wat aan bepaalde vereistes voldoen, saam die regeringsgesag vorm.

In ons huidige stelsel geld die Britse sogenaamde Westminster-beginsel van die wenner wat alles vat. Ons voorgestelde nuwe stelsel is daarenteen vergelykbaar met koalisie-regerings waarin verskillende partye saamwerk. Sulke regeringsvorme kom in talle Wes-Europese state voor.

**Vraag 10: Is daar voorbeelde in die wêreld waar dit gewerk het?**

Veelparty-regerings kom in verskillende state voor, hetsy deur middel van vrywillige koalisievorming, hetsy deur uitdruklike voorskrif in die grondwet, of ook deur konvensie wat deur jarelange praktiese ervaring gevestig is.

Normaalweg word 'n koalisie gevorm wanneer geen party 'n volstrekte meerderheid in die Parlement verkry het nie en verskillende partye moet saamwerk ten einde 'n meerderheid te kry.

**Vraag 11: Die huidige stelsel gee feitlik alle mag in die hande van 'n enkele persoon, te wete die Staatspresident. Die NP stel nou iets nuuts voor: 'n Presidensie. Hoe werk dit?**

Die Nasionale Party het reeds in die verkiesing van September 1989 die standpunt gestel dat die huidige uitermatige konsentrasie van uitvoerende gesag in die hande van 'n enkele persoon, te wete die Staatspresident, met die oog op die vermyding van oorheersing en die beskerming van minderhede in 'n nuwe Suid-Afrika drasties hersien sal moet word.

Die voorstel is nou dat pleks van een persoon, wat al die magte as hoof van die regering en hoof van die staat uitoefen, daar 'n kollektiewe staatshoofskap – 'n Presidensie – moet wees waarin die leiers van die drie tot vyf partye met die sterkste verteenwoordiging in die Eerste Huis van die Parlement, gesamentlik die bevoegdhede van staatshoof en regeringshoof sal uitoefen.

**Vraag 12: Het die Presidensie 'n voorsitter? Hoe neem hulle besluite?**

Elke lid van die Presidensie sal op roterende grondslag 'n jaar lank as voorsitter optree. Die Presidensie moet sy besluite deur konsensus neem.

**Vraag 13: Het die Parlement enige houvas op die Presidensie?**

Die Parlement het beslis 'n houvas op die Presidensie deurdat die Presidensie as kollektiewe regeringshoof nie sy beleid deur wetgewing deurgevoer sal kan kry tensy dit die steun van die meerderheid van die Parlement daarvoor kan kry nie.

Daarom is dit prakties nodig dat die partye van die leiers wat die Presidensie vorm, gesamentlik die meerderheid in die Eerste Huis moet hê.

**Vraag 14: Is daar enige voorbeelde in die res van die wêreld waar 'n Presidensie werk?**

Die bekendste en mees beproefde voorbeeld van 'n kollektiewe staatshoofskap of Presidensie is die een in Switserland. In Joego-Slawië, waar daar tans ernstige etniese konflik plaasvind, is daar ook 'n kollektiewe Presidensie.

**Vraag 15: Wat is die groot nut en bate van 'n Presidensie?**

Die groot nut van 'n Presidensie is dat die politieke partye se leiers daardeur gedwing word in 'n styl en kultuur van samewerking gee en neem en die nastrewing van die algemene belang eerder as die partikuliere belang.

Die Westminster-stelsel met sy oorheersende mag vir die meerderheidsparty lê klem op teenstelling tussen regering en opposisie, op polarisering, konflik en die beklemtoning van verskille.

Suid-Afrika met sy heterogene bevolking het ernstige behoefte om sy politieke styl en kultuur van die meerderheidsparty-stelsel na die veelparty-stelsel oor te skakel. – **NK**

**FEDERALE INLIGTINGSDIENS / FEDERAL INFORMATION SERVICE**
**Voorsitter/Chairman:** Dr CJ van der Merwe, LP/MP
**Hoofdirekteur/Chief Director:** P.W. Coetzer, LP/MP (Redakteur/Editor)
**Direkteur Bestuursdienste/Director Management Services:** Dr JJ Swanepoel LP/MP
**Provinsiale Direkteure/Provincial Directors:**
Natal: Mnr/Mr J.W. Maree, LP
Transvaal: Mnr/Mr PW Coetzer, LP/MP
OVS/OFS: Dr JJ Swanepoel, LP/MP
Kaap/Cape: Mnr/Mr NJJ van R Koornhof, LP/MP
**Inligtingsbeamptes/Information Officers:**
Transvaal: Mev/Mrs S Camerer, LP/MP
Kaapland: Mnr/Mr FJ van Deventer, LP/MP
Mnr W Steenkamp (Presidentsraadsraad)
**Uitgewer/Publisher:** Federale Raad, NP, Federal Council
**Adres/Address:** Posbus/Box 1698, Kaapstad/Cape Town 8000.
☎: (021) 461-5887; **Faks** (021) 461-5329
**Gedruk deur/Printed by:** Nasionale Koerante, 40 Heerengracht 40, Kaapstad/Cape Town 8000.
Geregistreer as 'n nuusblad. Registered as a newspaper.

# KP moet Sowjet-Unie se les leer

**DIE gebeurde in die Sowjet-Unie wat gelei het tot die val van die kommunisme en die onafhanklikwording van etlike deelstate is allermins die groen lig vir partisie soos wat die Konserwatiewe Party dit in Suid-Afrika wil toepas. Dit is veel eerder 'n rooi lig vir enige regering wat hoegenaamd daaraan dink om met een of ander vorm van verdrukking te volhard.**

Die val van die Berlynse muur in November 1986 het die begin van die einde ingelui vir elke totalitêre stelsel waarin 'n elitistiese minderheid die meerderheid politiek verdruk het. Hierdie winde van verandering het ook die Sowjet-Unie getref. Die dae toe 'n klein minderheid, die kommunistiese elite, die meerderheid kon onderdruk, is finaal verby! Nie eers die magtige Sowjet-weermag kon die aandrang op regte van die man in die straat stuit nie.

### Dis geen partisie

Vanselfsprekend het die aandrang op politieke regte van die man op straat en die verset teen outokratiese regeringsvorme gelei tot onafhanklikheidsaansprake deur etlike Sowjet-Republieke. Hierdie aandrang op onafhanklikheid word verkeerdelik deur die Konserwatiewe Party geïnterpreteer as steun vir die soort partisie wat hulle in Suid-Afrika wil toepas.

Natuurlik wil 'n mens nie verval in haarklowery nie, maar die gebeurde rondom onafhanklikwording in die Sowjet-Unie is alles behalwe partisie in die KP-idioom. Partisie soos wat die Koserwatiewe Party dit in Suid-Afrika wil toepas, beteken dat mense oor en weer geskuif moet word om êrens in die land 'n geografiese gebied te skep waar Blankes of Afrikaners 'n meerderheid sal vorm.

### Dis eerder sesessie

Van so 'n verskuiwing is daar in die Sowjet-Unie geen sprake nie. Dit gaan daar enersyds om state wat vroeër as onafhanklike state gefunksioneer het, maar toe met geweld onder Sowjet-beheer geplaas is en wat nou weer van die Sowjet-Unie wil afskei. Die Baltiese republieke is voorbeelde hiervan.

Andersyds gaan dit om state waarin 'n bepaalde etniese groep 'n meerderheid vorm en wat ook van die Sowjet-Unie wil afskei. Streng gesproke, gaan dit in die Sowjet-Unie om sesessie en nie om partisie nie.

As dit om partisie gegaan het op die basis van etnisiteit, sou dit beteken het dat die Sowjet-Unie onderverdeel moes word in ongeveer honderd onafhanklike republieke, omdat daar sowat honderd verskillende etniese groepe in die Sowjet-Unie is!

Niemand bepleit so iets nie, omdat dit tot 'n ekonomiese chaos sou lei. Meer nog, as dit om partisie gegaan het op die basis van etniese minderhede, sou dit beteken het dat daar bv. in Aserbeidjan 'n tuisland geskep sou moes word vir die 6% Armeniërs, dat daar in die Oekraine 'n tuisland geskep sou moes word vir die 22% Russe en dat in Litaue 'n tuisland geskep sou moes word vir die 7% Pole.

Nêrens word in die ganse Sowjet-Unie in enige republiek sulke tuislande vir etniese minderhede bepleit nie. Dit gaan oor eie afgebakende geografiese gebiede of lande waarin 'n spesifieke etniese groep verreweg die meerderheid vorm en wat van die Sowjet-Unie wil afskei. Dit is nie nodig om eers deur middel van partisie 'n meerderheid te probeer bewerkstellig nie. In Litaue is die Litauers verreweg die meerderheid. In Aserbeidjan is die Aserbeidjane verreweg in die meerderheid en in die Russiese Republiek is die Russe in die meerderheid.

### Interafhanklik

Opsommend kan gesê word dat die strewe na onafhanklikheid deur verskeie republieke gekenmerk word deur 'n begeerte van mense wat in hul eie land 'n meerderheid vorm, om hulself te regeer.

Uit die aard van die saak is hierdie strewe na onafhanklikheid onderhewig aan beperkinge. Die vyftien republieke wat tans die Sowjet-Unie uitmaak of uitgemaak het, is ekonomies so interafhanklik van mekaar dat hulle nouliks sonder mekaar sal kan klaarkom. Politieke onafhanklikheid ten spyt, daar sal ter wille van oorlewing dadelik van nuuts af nuwe ekonomiese en selfs militêre ooreenkomste met mekaar aangegaan moet word.



Die gebeurde in die Sowjet-Unie hou ernstige implikasies vir Suid-Afrika in waarvan betyds kennis geneem moet word. Die situasie in Suid-Afrika moet nie soseer vergelyk word met die posisie van die Sowjet-Unie in die geheel nie, maar veel eerder met dié in 'n deelstaat van die Sowjet-Unie.

Soos wat dit die geval is in elke deelstaat van die Sowjet-Unie, bevind verskillende etniese groepe in Suid-Afrika hulle in dieselfde geografiese gebied. Die meerderheid van Suid-Afrika se totale bevolking woon immers in die gebied buite die selfregerende en onafhanklike state.

Die posisie in Suid-Afrika verskil egter van dié in die deelstate daarin dat nie een van die etniese groepe 'n volstrekte meerderheid in die gebied uitmaak nie. Net so min as wat afsonderlike geografiese gebiede vir minderhede in die onderskeie deelstate van die Sowjet-Unie oorweeg word vanweë die onpraktiese aard daarvan, kan dit in Suid-Afrika oorweeg word. Die droom van die vroeg sestigerjare dat die selfregerende gebiede en onafhanklike state as opvanggebied vir Swartmense binne die RSA sou dien, is nooit bewaarheid nie, selfs nie in gunstiger omstandighede as wat vandag die geval is nie. Trouens, die teenoorgestelde is vanweë ekonomiese redes aan die gebeur.

Ongelukkig is die feitelike posisie nou dat net een van die talle etniese groepe, wat streng gesproke nie 'n etniese groep is nie maar 'n rassegroep, in die gemeenskaplike geografiese gebied politieke regte het, naamlik die Blankes.

In dié opsig bevind Suid-Afrika hom presies in dieselfde posisie as waarin die Sowjet-Unie hom bevind het voor die hervormingsproses daar aan die gang gesit is: 'n Minderheid regeer oor 'n meerderheid. Die situasie het wêreldwyd onaanvaarbaar geword en nie eens die sterkste militêre magte kon verhinder dat die meerderheid hul regte opeis en dat outokratiese minderheidsregerings oornag in duie stort nie.

### SA sou nie ontsnap

Suid-Afrika sou nie aan die gevolge van hervorming in Oos-Europa en die Sowjet-Unie kon ontsnap het nie. Niks of niemand sou die vloedgolf van hervorming wat oor genoemde lande gespoel het, in Suid-Arika kon gestuit het nie. Trouens, as die Nasionale Party onder leiding van die Staatspresident nie betyds die leiding geneem het om met verreikende hervormingsstappe vorendag te kom nie, sou die bestaande orde oornag in duie gestort het soos in Oos-Europa en die Sowjet-Unie gebeur het en sou mense wat eenvoudig die mag oorgeneem het, ook nou besig gewees het om in Suid-Afrika standbeelde af te breek.

### Medeseggenskap

Deur betyds met ingrypende hervormingstappe vorendag te kom het die Nasionale Party verhinder dat dieselfde lot Suid-Afrika tref as wat die Sowjet-Unie getref het, naamlik dat mense wat geen regte het nie, oornag alle seggenskap uitoefen met totale uitsluiting van diegene wat vroeër al die mag uitgeoefen het.

Die betydse optrede van die Nasionale Party, danksy die versiendheid van die Staatspresident, bring mee dat politieke partye wat minderhede verteenwoordig, ingevolge die NP se grondwetlike voorstelle steeds 'n belangrike rol in die besluitnemingsprosesse sal kan speel en dat medeseggenskap in die landsbestuur deur alle noemenswaardige politieke partye verseker sal word. Daardeur word 'n stelsel uitgesluit waar 'n meerderheid van een argumentshalwe honderd persent van die mag kan uitoefen soos wat dit tans tot groot hoogte die geval is.

### Betyds raakgesien

Wie steeds meen dat die gebeurde in die Sowjet-Unie die groen lig is vir partisie soos wat die Konserwatiewe Party dit in Suid-Afrika wil toepas, tas in die duister rond.

Die gebeurde in die Sowjet-Unie het duidelik getoon dat geen minderheid maklik weer in staat sou wees om oor 'n meerderheid te regeer nie. Die Nasionale Party het dit betyds raakgesien en die waarskuwing ter harte geneem. Vandaar sy grondwetlike voorstelle wat nou op die tafel is. – **BLG**

# FEDERALE KONGRES



**Pres. F.W. de Klerk en mev. Marike de Klerk word by die Nasionale Party se Federale Kongres in Bloemfontein verwelkom deur die Vrystaatse NP-leier, mnr. Kobie Coetsee.**

# NP sal hom nie laat intimideer

**"DIE KP, die AWB en allerlei ander organisasies van regs probeer tans om die Nasionale Party te intimideer," het die Staatspresident op Bloemfontein gesê. Sommiges dreig, sommiges beplan geweld en ander pleeg geweld.**

Die KP, as die enigste politieke party met noemenswaardige steun in hierdie geledere, speel 'n twyfelagtige rol in hierdie proses.

Die een dag maan sy leier, dr. Andries Treurnicht, sy volgelinge tot kalmte, die volgende dag sluit hy sy oë vir baie van sy koukuslede se aktiewe deelname aan AWB-boewery soos dié op Ventersdorp, of maak hy self opswepende uitsprake.

### Distansieer

Pleks daarvan dat hy 'n plofbare situasie met 'n ondubbelsinnige en konsekwente standpunt help ontlont, probeer dr. Treurnicht die gematigdes sowel as die radikale in sy geledere tevrede hou.

Die Staatspresident het gesê dat daar met vuur gespeel word en hy het 'n beroep op dr. Treurnicht en die KP gedoen om hulle ongekwalifiseerd te distansieer van geweld, ontwrigting en wetsongehoorsaamheid.

### Referendum

Hy het gesê dat die Nasionale Party binne die wet sal voortgaan om sy demokratiese reg uit te oefen. "Ons sal vergaderings hou waar en wanneer ons wil en ons wil dit in vrede doen. Ons sal ook die orde van ons vergaderings en toegang daartoe self bepaal. Dit is die goeie reg van elke party. Ons gun dit ook aan andere en eis dit vir onsself op. Ons sal ons nie laat intimideer nie."

Wanneer die tyd daarvoor aanbreek, sal die Regering, soos belowe is, na die kiesers-korps gaan by wyse van 'n referendum of by wyse van 'n verkiesing. Die Nasionale Party glo dat 'n referendum die beste kanaal bied om uitsluitsel te kry oor die aanvaarbaarheid van 'n nuwe grondwet, maar die Party is natuurlik verbind tot die hou van 'n verkiesing ingevolge die voorskrifte van die Grondwet.



**Ministers Pik Botha en Gerrit Viljoen in druk bespreking by die NP se Federale Kongres.**

### KP se vrees

"Die KP se vrees vir 'n referendum is, terloops, nogal veelseggend," het die SP gesê. "As hulle glo dat hulle oor 'n meerderheid beskik soos hulle gereeld beweer, waarom dan so negatief oor 'n referendum oor 'n nuwe grondwet? Die antwoord lê voor-die-handliggend."

Die Regering sal ook voortgaan om polisiebeskerming aan politieke partye en leiers te bied wanneer omstandighede dit regverdig. Die instandhouding van die demokratiese proses vereis dit. – **SC**